

#7

# Stensil 'n vloer!

'n Vloer is nie net 'n loopvlak nie; sien dit ook as 'n skoon lei waarop jy jou kreatiwiteit kan uitleef – op voetsoolvlak.

*Deur* **Lisa Spaarwater**
*Foto's* **Francois Oberholster**

MEDIUM

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 3/10
**Vaardigheidsvlak** 4/10
**Tyd nodig** 1-2 dae

**Verfkleur**
Annie Sloan
Aubusson Blue

**Die kaslaaie tussen die boonste en die onderste een is geverf met 'n mengsel van die genoemde twee kleure waarby telkens meer Old White gevoeg is.**

**Verfkleur**
Annie Sloan
Old White

**Verfkleur**
Annie Sloan
Provence

## Wat jy nodig het


- Annie Sloan-verf in die kleure Versailles en Provence (1 liter bedek 13 m²)
- kwas of sponsroller vir die verf van die basiskleur
- klein sponsroller vir die stensilwerk
- middelslag-sponsroller vir die vernis
- verfbak
- stensil van jou keuse
- aanspuitgom vir stensils (te kry by jou naaste ysterware- of kunswinkel)
- waterbasis-vloervernis met 'n mat of satyn-afwerking




## Só maak jy ...

**1** Verf eers die basiskleur (Versailles). Begin in 'n hoek en werk na die deur toe (sodat jy jou nie in 'n ander hoek vasverf nie). As jy die Annie Sloan-verf net so dik uit die blik gebruik en dit met 'n groot roller aanverf, sal een laag genoeg wees. **2** Beplan nou in watter rigting jy die stensil gaan gebruik en waar jy met die stensilwerk wil begin – dit sal afhang van die stensil se ontwerp.







**3** Spuit die agterkant van die stensil met die aanspuitgom en plak dit op die vloer waar jy wil begin. Spuit genoeg om die stensil stewig in posisie te hou.




**4** Rol die klein sponsroller deur die verf vir die stensilwerk (Provence), maar rol die meeste van die verf weer af in die verfbak.




**5** Rol nou die verf oor die stensil. Die verf moet redelik droog aangerol word; so verseker jy netjiese buitelyne en keer jy dat die verf loop.




**6** As jy klaar is, laat dit droog word en seël die vloer met 'n waterbasis-vloervernis. Wend minstens 3 lae aan.



[VLOERVERF-WENKE]

**Lisa Spaarwater van Lemon & Lilac Paint Techniques gee die volgende raad as jy 'n vloer wil verf:**

- Sorg dat jou vloer skoon en heeltemal stofvry is. Geen ander voorbereiding is nodig nie, selfs nie eens 'n onderlaag as jy Annie Sloan Chalk Paint gebruik nie.
- Gee die basislaag minstens 'n uur kans om droog te word voor jy met die stensilwerk begin.
- As jy bang is jy werk skeef, maak ligte merkies met 'n potlood waar jy die stensil neersit sodat jy op koers bly.
- Dra kouse as jy oor die vloer moet loop voordat jy dit seël.
- Hou 'n klein kunstenaarskwas byderhand om agterna plekkies wat jou pla, netjies te maak.
- Indien jy onervare is, bedek die basislaag verf eers met 'n laag waterbasis-vernis voor jy die stensilwerk daaroor doen. Dit verseker 'n netjieser patroon, want jy kan foute op die reeds gladde oppervlak maklik afvee. Seël weer die hele vloer as jy heeltemal klaar is.
- Die waterbasis-vernis raak baie gou droog, maar sal nog harder raak ná 'n paar dae. Gee dit tyd, en wees die eerste paar dae versigtig om nie swaar meubels op die vloer neer te sit of rond te skuif nie.

**KONTAK** lemonlilac@maxitec.co.za